# LEA

# 'n Werkgids







## Graad 3-4

Saamgestel deur Cecilia Steyn

Nota: Hierdie gids is gratis en mag na goeddunke gekopieer en gebruik word.



# INHOUD:


Inleiding ____________________ 4

Eienskappe van 'n boekomslag ____________________ 5

Hoofstuk 1 ____________________ 8

Hoofstuk 2 ____________________ 11

Hoofstuk 3 ____________________ 14

Hoofstuk 4 ____________________ 17

Hoofstuk 5 ____________________ 19

Hoofstuk 6 ____________________ 21

Hoofstuk 7 ____________________ 24

Hoofstuk 8 ____________________ 27

Hoofstuk 9 ____________________ 29

Hoofstuk 10 ____________________ 32

Hoofstuk 11 ____________________ 35

Hoofstuk 12 ____________________ 38

Hoofstuk 13 ____________________ 40

Antwoorde op inhoudelike vrae ____________________ 43

Bedanking en Biografie ____________________ 50

# Inleiding

'Die Lea Lief-Reeks' is gemik daarop om kinders tussen die ouderdom van ses tot nege aan die lees te kry deur ŉ opwindende storie, kort hoofstukke en sinne wat maklik lees. Die boeke het ŉ sterk omgewingsfokus en die kleurvolle illustrasies dra by tot die genot van die leser.

Die doel van hierdie gids is om te verseker dat die kind die volgende kan doen:

- Verstaan wat hulle lees en hoor.
- Kontroleer of die teks vir hulle sinvol is, deur die vrae te beantwoord.
- Die betekenis van woorde in konteks verstaan en kan verduidelik.
- Afleidings van karakters se gevoelens, gedagtes en motiewe kan maak.
- Sin maak van oorsaak en gevolg.
- Karakters kan identifiseer.

Vir elke hoofstuk in die boek is daar inhoudelike vrae, idees vir besprekings, skryfaktiwiteite, taalaktiwiteite, pretaktiwiteite en woordeskatontwikkeling wat verseker dat die gids aan die volgende behoeftes voldoen:

- Luister en praat
- Lees en kyk
- Skryf en aanbied
- Taalstrukture en -konvensies.

# Eienskappe van 'n boekomslag

Om 'n boek van 'n rak af te haal en daarna te kyk is soos om iemand vir die eerste keer te ontmoet. Dit laat die leser besluit of hy van die boek sal hou of nie. Die voorblad is eintlik al die eerste bladsy van die storie!

## Daarom is dit belangrik dat:

- Die boek 'n interessante titel / subtitel het.
- Dit die potensiële leser se aandag op die boek vestig. Wat laat jou stop en kyk?
- Dit moet op 'n emosionele vlak met die leser kommunikeer, wat laat dit jou voel?
- Dit moet uniek wees.
- Dit moet 'n duidelike idee gee waaroor die boek dalk mag gaan.

## Die boek se omslag word opgedeel in die volgende:



Hierdie boek het 'n reeksnaam en 'n titel. Wanneer 'n boek 'n reeksaam het, beteken dit dat daar meer as een boek oor die karakters sal wees met ander woorde 'n reeks. Hierdie boek se reeksnaam word met woorde en emoji's aangedui



## Kyk ondersoekend na die omslag van hierdie boek en beantwoord die volgende vrae in jou werkboek:

1. Wat is die titel van hierdie boek?
2. Maak die voorblad jou nuuskierig?
3. Op die boek se rugkant staan iets wat nêrens anders staan nie.

Kan jy agterkom wat dit is?

4. Wie is die skrywer?
5. Wie is die illustreerder?

# HOOFSTUK 1, GOGGAMAGGA!

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoekom gee Lola 'n vreeslike gil?
2. Wie is Tor?
3. Waar is Nikita en Hazel?
4. Wat het Lea se pa in sy hande?
5. Hoe lyk Lola vir Lea?
6. Verduidelik jou antwoord?
7. Hoekom sê Lola gaan sy nooit weer bad nie?
8. Hoekom moet Lea se ma spreekkamer toe gaan?

## BESPREEK:

Gee elke kind in die klas ʼn beurt om die klas van hul troeteldiere te vertel.

## SKRYF:

**Vyf sinne waarin jy die volgende woorde gebruik. Wees kreatief!**

1. Silwerskoon
2. Masker
3. Pootjies
4. Onderstebo
5. Sluipdief

## PAS DIE WOORDE WAT MET MEKAAR RYM:

| | |
|---|---|
| A. Skubbe | a. Kat |
| B. Reptiele | b. Bande |
| C. Haat | c. Siele |
| D. Bad | d. Ribbe |
| E. Tande | e. Akkuraat |

## WOORDESKAT:

**Wenkbrou** - Beweeglike haarboog bokant die oog.

**Versigtig** - Sorg om nie verkeerd te handel nie, Waaksaam.

**Terrarium** - Glasbak met grond waarin mens reptiele vir waarneming hou.


**Sluipdief** - Dief wat ongemerk, heimlik huise binnekom en verlaat.

**Pylreguit** - Baie reguit, sekuur reguit.

## PRET:

Gebruik karton, papier en 'n krambinder en maak jou eie boek oor 'n dier wat jy wil red en beskerm. Teken jou eie voorblad en gee die boek 'n titel. Maak jouself die hoofkarakter in jou storie.







# Hoofstuk 2, Uilraaisel

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Wie werk agter ontvangs in die spreekkamer?
2. Wie is by Lea se ma in die spreekkamer?
3. Watse dier kon hulle nie red nie?
4. Wat is Lea se ma se naam?
5. Wat is die naam van die nuwe restaurant op die dorp?
6. Waarvan is die uil dood?
7. Noem twee uilsoorte op Lea se lysie.

## BESPREEK:

Die vergiftiging van knaagdiere. Kan julle aan 'n beter oplossing dink om van muise ontslae te raak?

# DEEL DIE VOLGENDE WOORDE IN LETTERGREPE:

A. Vergiftigde

B. Antarktika

C. Gevlekte

D. Tangetjies

E. Kleiner

F. Dwarsstrepe

# WOORDESKAT:

**Nekropsie** - Oopsny en ondersoek van dooie dier.

**Grinnik** - Spottend of senuweeagtig lag.

**Roofvoëlskuiling** - Skuiling waar roofvoëls versorg word.

**Spesies** - Spesifieke soort dier.

**Teatervoorskoot** - Voorskoot wat die veearts dra tydens 'n operasie of ondersoek.

# PRET:

Doen navorsing oor uile en maak jou eie lysie van feite!

# Hoofstuk 3, Dowe ore

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek**:

1. Hoekom is Lea ontsteld?
2. Wat het Hazel en Nikita by die restaurant gedrink?
3. Wat is Lea se oplossing?
4. Die hoeveelste uil is dit wat dood is?
5. Wat is juffrou van Aarde se oplossing?

## SKRYF:

'n Paragraaf waarin jy vir iemand vertel van die muisplaag wat die skool pouse getref het.

**Hier is 'n paar wenke:**

Hoeveel muise was daar? Waarvandaan het hulle oral gekom. Waarnatoe het hulle gehardloop? Wat was almal se reaksie? Was jy bang?

Waaraan kan jy nog dink?  Wees kreatief!

## BEPAAL DIE WERKWOORDE IN DIE VOLGENDE SINNE:

1. Ek en juffrou hardloop dadelik agter Hazel aan.
2. Hulle peul uit die asdromme.
3. Suna skree en hardloop verby my.
4. Ek voel hoe my onderlip bewe.
5. Lea wil eerder oor diere gesels.

## WOORDESKAT:

**Raaisel** - Iets wat ons nie kan begryp of verklaar nie; onverstaanbaar, geheimsinnig.

**Vergiftig** - Om 'n stof in te kry wat siekte of dood van 'n lewende organisme veroorsaak.

**Lessenaar** - 'n Meubelstuk met 'n plat of skuins oppervlak en tipies met laaie, waarby 'n mens kan lees, skryf of ander werk kan doen.

**Vlieënde Piering** - 'n Skyfvormige vlieënde tuig wat vermoedelik deur wesens uit die ruimte bestuur word.

**Veldtog** - 'n Georganiseerde aksie om 'n doel te bereik.

## PAS DIE ENGELSE WOORD MET DIE AFRIKAANSE BETEKENIS:

| | |
|---|---|
| a. Way | a. Melkskommel |
| b. Run | b. Skree |
| c. Shout | c. Pad |
| d. Milkshake | d. Hardloop |
| e. Dustbin | e. Diere |
| f. Animals | f. Vullisdrom |

## PRET:

Dink 'n tema uit vir 'n restaurant! Maak 'n plakkaat vir jou nuwe restaurant.

# Hoofstuk 4, Blinky

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoekom raas Lea se pa met haar?
2. Hoekom dink Lea die probleem is erger as wat sy gedink het?
3. Wat stel Lea se ma voor moet hulle doen?
4. Hoekom dink jy trek oom Dave dik handskoene aan?
5. Watse uil het hy spreekkamer toe gebring?
6. Hoekom gooi Lea se ma 'n handdoek oor die uil se kop?
7. Waarom plak haar ma pienk kleeflint oor die uil se verband?
8. Hoekom noem Lea die uil Blinky?

## BESPREEK:

Sal jy 'n siek dier probeer red?

## SKRYF:

Het jy al 'n dier gered en hom na 'n veearts geneem of self versorg? Skryf jou ervaring in 'n paragraaf neer.

## BEPAAL DIE <u>BYWOORDE</u> IN DIE VOLGENDE SINNE:

a. Die ander een hang pap.

b. Ma draf reguit na haar spreekkamer.

c. Die probleem is erg.

d. Hy maak die boks versigtig oop.

e. Die middag is oom Dave weer daar.

## WOORDESKAT:

**Kleeflint** - Plastiese of papieragtige band met gom.

**Geknak** - Iets wat in 'n hoek gevorm is. Of krom is.

**Inspuiting** - 'n Dosis medisyne wat deur middel van 'n spuit en 'n naald gegee word.

## PRET:

Teken jou eie uil wat jy gered het en gee hom 'n naam.

# Hoofstuk 5, Muisvalle en blink planne

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Wat mag Lea en haar maats Vrydag by die skool doen?
2. Wat bou Lea se pa in die motorhuis?
3. Kry haar pa dit reg?
4. Hoekom sê jy so?
5. Dink jy Lea se pa is bang vir muise?
6. Verduidelik jou antwoord.
7. Het hulle die muis gevang?

## SKRYF:

'n Brief vir die skoolhoof waarin jy toestemming vra om 'n protesaksie by die skool te hou. Verduidelik vir hom waaroor dit gaan en hoekom jy dit wil doen.

## BESPREEK:

Dink julle dit is goed om aan protesaksies deel te neem? Bespreek die positiewe en negatiewe elemente van 'n protesaksie.

## BEPAAL DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE IN DIE VOLGENDE SINNE:

A. Pa spring vorentoe met sy krom muisval.
B. Die protes sal vreedsaam wees.
C. Mona is vas aan die slaap.
D. Die muis hardloop vinnig oor Pa se skouer.

## WOORDESKAT:

**Protesaksie** - Om jou afkeuring of beswaar teen iets uit te spreek.
**Muisval** - 'n Lokval waaraan mens 'n stukkie kaas of ander aas sit om muise te vang sodra hulle daarvan eet.
**Dramaties** - Praat of optree op 'n manier wat iets baie erger, ernstiger, meer angswekkend, ens. laat lyk as wat dit werklik is.

## PRET:

Kletsrym die gedeelte waar Lea se pa die muis probeer vang.

# Hoofstuk 6, Uile in gevaar!

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Wat dra Lea, Nikita, Hazel en juffrou van Aarde?
2. Gee Lola om oor die uile?
3. Verduidelik jou antwoord.
4. Wat doen juffrou van Aarde?
5. Wat wil oom Dave met die muise doen?

## BESPREEK:

Doen jou eie navorsing oor die gevare van knaagdiere in jou huis. Bespreek dit in die klas. Of doen 'n mondeling daaroor.

## SKRYF:

Skryf jou eie kreet vir uilbewaring!

## BEPAAL DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORDE IN DIE VOLGENDE SINNE:

1. Sy het 'n fluitjie om haar nek.
2. Daar is slagspreuke op hul wit T-hemde.
3. Ma deel pamflette uit.
4. Die mense kort muisvalle.
5. Ek trek sommer haar poniesterte.

## GEE DIE MEERVOUDE VAN:

A. Mite

B. Manier

C. Skuiling

D. Netbalbaan

E. Maag

F. T-hemp

## WOORDESKAT:

**Gevaar** - Die moontlikheid om skade of besering te ly.

**Pamflette** - 'n Klein vel papier wat inligting of argumente oor 'n enkele onderwerp.

**Plakkate** - Groot vel papier met prente of slagspreuke wat op 'n openbare plek geplaas word om iets te bevorder.

**Knaagdier** - Diersoort gekenmerk deur twee skerp voortande aan elke kakebeen.

## PRET:

Maak jou eie plakkaat vir uilbewaring!

# Hoofstuk 7, Die Vlieënde Piering

## BESPREEK:

Sonder om die hoofstuk te lees, bespreek wat julle dink die hoofstuktitel beteken.

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Wie gaan saam met Lea na die restaurant?
2. Wat drink Lea-hulle by die restaurant?
3. Dink jy Lea is bang om op die maantuig te ry?
4. Verduidelik jou antwoord.
5. Wie voel siek na die rit op die maantuig?
6. Lea hoor per ongeluk die kelners iets sê. Wat dink jy bedoel hulle?

## SKRYF:

Skryf ook die volgende woorde in die korrekte orde neer om sinne te vorm:

a. Beter uiteindelik voel ek.

b. Eerder ek oë maak toe my.

c. Melkskommels ons vinnig drink op ons.

d. Baie weggesteek bome restaurant die is tussen

e. Sterrestelsel uit dak die hang die.

## WOORDESKAT:


Sterrestelsel - Die versameling van agt planete en hul mane saam met kleiner hemelliggame soos asteroïdes, meteoroïede en komete.


Ruimtevaarder - 'n Persoon wat opgelei is om in 'n ruimtetuig te reis.

Vuurpyl - 'n Ruimteskip wat deur vuurpyle aangedryf word.

## PRET:

Blaai om. Kopieer die bladsy en deel dit aan die leerders uit om in hul werkboeke te plak. Lekker inkleur!





# Hoofstuk 8, Skuldig of nie

## LEES:

**Lees die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Is Blinky in sy hok?
2. Waar is hy?
3. Wie hou vir Blinky vas?
4. Wat doen Lea se ma?
5. Wat eet Blinky?
6. Wat dink Lea het die kelners bedoel?

## PLAAS DIE VOLGENDE WOORDE IN ALFABETIESE VOLGORDE:

A. Muisgif

B. Kelner

C. Vleis

D. Blinky

E. Hok

F. Voer

## BESPREEK:

Is dit reg om iemand te beskuldig van 'n oortreding as dit nie deur feite ondersteun word nie? Het jy al iemand vals beskuldig?

## WOORDESKAT:

Verantwoordelik - Om 'n verpligting te hê om iets te doen as deel van 'n mens se werk of rol.

Opwinding - 'n Gevoel van groot entoesiasme en gretigheid.

## PRET:

Ontsyfer die kriptogram:

| A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | K |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 26 | 1 | 3 | 6 | 7 | 10 | 19 | 21 | 14 | 22 | 11 |

| L | M | N | O | P | Q | R | S | T | U | V |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 16 | 2 | 8 | 4 | 24 | 9 | 25 | 12 | 5 | 13 | 20 |

| W | X | Y | Z |
|---|---|---|---|
| 18 | 23 | 15 | 17 |

_ _ _ _ _ _    _ _ _
1 16 14 8 11 15    7 7 5

_ _ _ _ _    _ _ _    _ _ _ _ _
19 25 26 26 19    25 4 13    20 16 7 14 12

# Hoofstuk 9, Muisvangers van formaat

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Watse kompetisie word gehou?
2. Wie beoordeel die kompetisie?
3. Wie laat per ongeluk muise in die saal vry?
4. Wie wen die kompetisie?
5. Wat wen hulle?

## BESPREEK:

Kan jy 'n beter muisval ontwerp? Bespreek julle idees in die klas.

## SKRYF:

Som die hoofstuk in een paragraaf van tien sinne op.

## WOORDESKAT:


**Beoordeel** - Vorm 'n mening of gevolgtrekking oor iets of iemand.

**Koppe bymekaarsit** - Om 'n plan te maak.

**Onsuksesvol** - Om nie te bereik wat jy wou nie. Iets nie reg te kry nie.

## PRET:

Blaai om. Kopieer die bladsy en deel dit aan die leerders uit om in hul werkboeke te plak. Geniet die blokraai!



## DWARS

1. Blyplek van bye
3. Die gebou waarin almal by die skool bymekaarkom
6. Waar diere veilig bewaar word
7. Iets wat jy op jou toebroodjie eet

## AF

2. Baie geld hê
4. Iets waarmee mens 'n muis vang
5. Iets wat nie voorheen bestaan het nie

# Hoofstuk 10, Uitgeval ... of uitgevang?

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek.**

1. Waarheen gaan Lea, haar ma en pa?
2. Wat ontdek Lea se pa?
3. Is die uil bang?
4. Verduidelik jou antwoord.
5. Watse spesie uil is dit?
6. Wat is 'n uilbal?
7. Hoekom is die baba-uile nooit dieselfde ouderdom nie
8. Wat is die kelners se geheim toe al die tyd?

## SKRYF:

Kyk na die illustrasie op bladsy 50. Beskryf in jou eie woorde wat in die prent gebeur.

## BEPAAL DIE VOORNAAMWOORDE IN DIE VOLGENDE SINNE:

A. Hy klim van die leer af.

B. Hulle lok die muise.

C. Pa plooi sy neus.

D. Met haar ander hand ondersoek sy hom.

## SKRYF DIE VOLGENDE SAMESTELLINGS LOS:

a. borsspiere


c. uilballe

d. kartonboks

e. linkerhand

PRET:

Kry die pad na die baba-uil!



# Hoofstuk 11, In kookwater

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek.**

1. Waarom gaan Lea se pa na die Vlieënde Piering?
2. Wat kry hulle toe hulle daar kom?
3. Wat is Suna se pa se naam?
4. Dink jy Lea se pa kry Suna se pa jammer?
5. Verduidelik hoekom jy so sê.
6. Watter voorstel maak Lea?

## BESPREEK:

Dink jy dit is reg om vullis te strooi? Bespreek in die klas.

## GEE DIE <u>TRAPPE VAN VERGELYKING</u> VIR DIE VOLGENDE WOORDE:

A. Mal

B. Groen

C. Lekker

D. Sleg

E. Lus

## WOORDESKAT:


**Implementeer** - Om maatreëls te verseker. Om iets uit te voer, toe te pas.
**Verslaggewers** - 'n Persoon wat verslag doen, veral een wat in diens is om nuus te rapporteer of onderhoude vir die pers of uitsaaimedia te voer.
**Verantwoordelikheid** - Om aanspreeklik te wees of te blameer vir iets.
**Onwettige** - Iets wat nie voldoen aan, toegelaat word deur of erken word deur wet of reëls nie.

## SKRYF:

'n Koerantberig oor die gebeure in die hoofstuk.

## PRET:

Kleur die mosaïek lekker kleurvol in!



# Hoofstuk 12, Beloftes maak skuld

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Dink jy Suna is jammer oor wat haar ouers gedoen het?
2. Verduidelik jou antwoord.
3. Wat is die oplossing vir die vullis?
4. Wat is die oplossing vir die muisplaag?
5. Watter beloning bied tannie Kay vir Lea en haar vriende?

## BESPREEK:

Is daar 'n probleem in jou omgewing waarmee julle dalk kan help? Bespreek die probleem en moontlik oplossing in die klas. Dalk kan julle ook 'n wurmplaas vir afval begin? Of Vullis om die skool optel. Dalk kan jou klas 'n groentetuin begin? Of dalk kan julle kos vir 'n skuiling insamel?

## SKRYF DIE VOLGENDE SINNE ONTKENNEND:

a. Pa hou vir ons 'n houer.

b. Haar wange word beetrooi.

c. Hulle weet van beter.

d. Die skinkbord is vol melkskommels.

## WOORDESKAT:

**Monteer** - Iets vas sit teen iets anders vir ondersteuning.

**Uilbokse** - 'n Mensgemaakte huis vir 'n uil.

## PRET:

Bou 'n uilboks in die klas en sit dit teen 'n boom by jou skool!

# Hoofstuk 13, Hoe-hoe-hoera!

## BESPREEK:

**Moet nog nie die hoofstuk lees nie!** Bespreek gou in die klas wat julle dink volgende gaan gebeur.

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoekom sit almal op die pawiljoen?
2. Hoeveel uilbokse het die skool nou?
3. Sal jy hartseer wees om 'n dier wat jy gered het vry te laat?
4. Verduidelik jou antwoord.

## BEPAAL DIE <u>LIDWOORDE</u> IN DIE VOLGENDE SINNE EN DUI AAN OF DIT BEPAALD OF ONBEPAALD IS:

a. Blinky vlieg 'n draai oor die rugbyveld.

b. Die muisvalle en uilbokse het baie gehelp.

c. Die oomblik het aangebreek.

d. Met 'n stootjie vlieg hy weg.

## WOORDESKAT:

**Weerskante** - Aan elke kant van iets.

**Pawiljoen** - Gebou of oordak met sitplek vir toeskouers wat 'n wedstryd volg.

**Aankondiging** - Bekendmaking. Kennisgewing.

**Mikroskyfie** - 'n Baie klein stukkie silikon. Dit kan groot hoeveelhede inligting hou.

# WOORDSOEK:

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | D | I | W | Z | R | A | B | I | K | I | H | L | K | S |
| I | A | U | P | R | U | I | O | T | I | E | E | E | N | J |
| V | N | J | A | R | K | N | E | M | O | B | C | W | D | R |
| O | R | F | V | E | R | T | O | N | I | N | G | A | W | Z |
| V | P | Y | K | N | I | L | B | D | U | F | Z | N | S | L |
| R | E | F | L | M | I | H | A | L | B | X | M | S | N | M |
| T | Q | K | U | A | A | I | I | H | Y | I | J | C | P | Y |
| M | D | I | R | A | A | A | T | U | W | B | Q | X | B | Y |
| V | S | N | E | E | R | T | E | L | D | F | A | C | U | E |
| E | J | Z | W | E | L | D | F | P | W | O | I | Y | C | D |
| O | T | M | N | B | E | V | T | H | X | W | S | S | O | R |
| E | S | D | L | L | N | O | E | W | R | T | T | Q | Y | Q |
| Y | E | Q | G | G | U | R | U | E | C | T | Y | K | U | R |
| E | J | O | J | U | Z | I | B | B | Z | G | J | Y | Y | U |
| Y | O | L | F | X | F | T | S | H | S | W | X | F | F | O |

Arende, Blinky, Bome,

Hulp, Muise, Ooglede,

Snawel, Vertoning, Vlerke, Vrylaat

# PRET:

Besoek 'n roofvoëlskuiling!

# Antwoorde vir inhoudelike vrae:

## EIENSKAPPE VAN 'N BOEKOMSLAG:

1. Lea Lief Uile, Muise en Maanmelkskommels
2. Kind se eie interpretasie
3. 4
4. Cecilia Steyn.
5. Elanie Bieldt.

## HOOFSTUK 1:

1. Want Tor is in die bad.
2. Lea se Iguana.
3. Hazel is by haar ouma en Nikita het sanglesse
4. 'n Krieketkolf
5. Skrikwekkend.
6. Sy dra 'n groen skoonheidsmasker en haar hare is deurmekaar.
7. Tor het sy besigheid in die bad gedoen.
8. Daar is 'n noodgeval.

## HOOFSTUK 2:

1. Peet
2. Oom Dave van die roofvoëlskuiling.
3. 'n Uil.
4. Vera.
5. Die Vlieënde Piering
6. Gif.
7. Visuil, Reuse-ooruil, Gevlekte ooruil, Nonnetjieuil, Kaapse ooruil

## HOOFSTUK 3:

1. Omdat Nikita en Hazel nie dink die uile wat in gevaar is, is so interessant soos die restaurant nie.
2. Malgroen Maanmelkskommel.
3. Sy jok en sê sy gaan iets in haar tas haal.
4. Derde.
5. Sy stel voor hulle moet 'n veldtog hou om bewusmaking te skep.

## HOOFSTUK 4:

1. Lea gooi haar skooltas in die portaal.
2. Baie mense wil weet watse gif hulle vir die muise kan gebruik.
3. Dat hulle die muise eerder moet vang as vergiftig.
4. Kind se eie interpretasie.
5. 'n Gevlekte Ooruil.
6. Om die uil te kalmeer.
7. Sodat hy nie die verband afkou nie.
8. Omdat hy vir haar oogknip.

## HOOFSTUK 5:

1. Hulle mag 'n vreedsame protes hou vir die bewaring van uile.
2. 'n Muisval.
3. Nee.
4. Haar pa sukkel en daar lê gebuigde spykers.
5. Ja
6. Hy wil haar oortuig om liewer die muis te vang.
7. Nee.

# HOOFSTUK 6:

1. Wit T-hemde met 'n uil en slagspreuk: "Ons is in gevaar!" op.
2. Ja.
3. Sy het die T-hemde ontwerp.
4. Sy blaas op haar fluitjie.
5. Hy wil die muise vir die roofvoëls in sy skuiling voer.

# HOOFSTUK 7:

1. Haar pa, Nikita en Hazel.
2. Malgroen maanmelkskommels.
3. Ja.
4. Sy probeer om nie bang te klink nie.
5. Lea.
6. Kind se eie interpretasie.

## HOOFSTUK 8:

1. Nee.
2. In die spreekkamer saam met haar ma en Peet.
3. Peet.
4. Sy voer vir Blinky.
5. Rou vleis.
6. Dat dit hulle is wat die muise en uile vergiftig.

**Kriptogram antwoord**: Blinky eet graag rou vleis.

## HOOFSTUK 9:

1. 'n Muisvalkompetisie.
2. Lea se ma.
3. Fatima
4. Paul, Rudi en James.
5. 'n Jaar se gratis toegang na die roofvoëlskuiling.

**Blokraai antwoord:**

**Dwars:** 1. Byenes 3. Saal 6. Skuiling 7. Stroop

**Af:** 2. Skatryk 4. Muisval 5. Uitvindsel

## HOOFSTUK 10:

1. Na 'n baba-uil wat gered moet word.
2. 'n Sloot vol vullis.
3. Ja.
4. Hy sis en klap sy snawel.
5. 'n Nonnetjieuil.
6. Onverteerde hare, veertjies en bene.
7. Die ma-uil lê sowat vyf eiers oor 'n periode van tien dae. Hulle broei twee dae uitmekaar uit.
8. Dat hulle onwettig vullis stort.

## HOOFSTUK 11:

1. Om met Suna se pa te praat oor die vullis wat hulle stort.
2. 'n Skare verslaggewers.
3. Silas.
4. Ja.
5. Hy jok vir die verslaggewers en sê dat hulle daar is om vir oom Silas te leer hoe wurmplase werk.
6. Dat hulle ook uilbokse in die bome om die restaurant installeer.

## HOOFSTUK 12:

1. Ja.
2. Sy bedank vir Lea dat hulle haar pa help. Sy lyk skaam.
3. Vier wurmplase.
4. Dat hulle vir die res van die maand soveel keer as wat hulle wil in die maantuig mag ry.

## HOOFSTUK 13:

1. Hulle gaan na 'n roofvoëlvertoning kyk en Blinky word vrygelaat.
2. Twee.
3. Kind se eie interpretasie.
4. Kind se eie interpretasie

Dankie dat jy van hierdie gids gebruik gemaak het! Ek hoop dit het jou en jou leerlinge se horisonne verbreed en dat julle julself gate uit geniet het!

Cecilia Steyn

Cecilia is in Welkom in die Vrystaat gebore. In 2017 verruil sy haar werk as takadministreerder van 'n gemeenskapsapteek vir die van skrywer. Sy beskou Ma-wees van twee wonderlike seuns haar grootste sukses in die lewe. Sy woon tans in die Oos-Kaap saam met haar man, waar die karakters in haar stories nou die leemte in haar leë nes vul. Sy is baie lief vir die natuur, diere en die see. Cecilia is die suster van gewilde skrywer, Fanie Viljoen.

www.ceciliasteyn.co.za